

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOIEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- SLUITINGSDATUM:** Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

7.3

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring: Ring van Humansdorp

Titel van Projek: Koukamma Evangelisasie Projek (KEP)

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekteier	
Naam:	Neels Scholtz	James Vermaak
Posadres:	Posbus 14, Kareedouw. 6400	Posbus 14, Kareedouw. 6400
E-pos:	ngkerk@ngkkareedouw.co.za	jvermaak@igen.co.za
Faks:	NVT	NVT
Tel. (k):	042 2880 351	082 556 0429
Tel (h):	042 2880 351	082 556 0429
Selfoon:	082 652 8491	082 556 0429

N.Scholtz – Geteken.

Handtekening Projekvoorsteller

17 Oktober 2025

Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) Luane McLachlan, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van Humansdorp, dat hierdie projek op 17 Oktober 2025 deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

LMcLachlan

Handtekening Voorsitter / Skriba

Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die **Koukamma Evangelisasie Projek** is 'n gesamentlike diensaksie vanuit die NG Gemeentes Joubertina, Misgund, Kareedouw en Tsitsikamma. Hierdie projek vorm deel van die gemeentes se groter visie van gestuurd wees. Ons visie is:

God se koninkryk kom met krag – ons is SY instrumente”.

Die betrokke gemeentes en hul lidmate neem self verantwoordelikheid en eienaarskap vir hierdie projek deur finansiële ondersteuning in die vorm van donasies of maak van kos wat nodig word vir uitreike, asook persoonlike betrokkenheid. Die groeiende behoefte aan opvoeding (Geestelik sowel as akademies), asook die behoefte aan noodsaaklike lewensonderhoud, het veroorsaak dat eie fondse nie meer kan byhou by die behoeftes nie. Wat noodsaaklike lewensonderhoud van behoeftiges betref steun ons op die plaaslike CMR om ondersoek in te stel na elke geval en die omstandighede daar rondom waarna ons saam besluit hoe om die gevalle te hanteer met die oog op volhoubare optrede en om die gevalle moontlik selfonderhoudend te maak.

Vier fokusareas is geïdentifiseer: Hongersnood; Werkloosheid; Afhanklikheid (dwelms en drank); Geestelike verval en verlorenheid en straatkinders wat nie skool gaan nie. Elk van hierdie fokusareas word gekenmerk deur 'n spesifieke beweging en dinamika: Projekte vir die aanspreek van werkloosheid; Omgee vir hongersnood; Terugbring van afhanklikes; Evangelisasie vir verlorene en om nie-skoolgaande kinders tuis te maak, hetsy aan te moedig om te gaan vir skoolopleiding of te bekwaam in 'n ambag. Die uiteindelige doelstelling is om 'n sigbare en volhoubare sinergie tussen die onderskeie areas en bewegings te bewerkstellig.

Die doel van die **projek waarvoor fondse aangevra word** is die volgende:

1. Leierskampe:

Die gemeente van Kareedouw beskik oor 'n goed toegeruste kampterrein te Eersterivier waar hierdie kampe aangebied word.

- 1.1 Om die leiers in die skole waar ons betrokke is by naweekkampe te betrek ten einde hul toe te rus met die nodige leierskapsvaardighede sodat hul hul posisies in die betrokke skole waardig kan wees. Selfwaarde word dikwels hier ontdek en uitgebou en kennis word opgedoen aangaande voorheen onbekende onderwerpe. Tydens maandelikse besoeke aan skole sal opvolgwerk gedoen word.
- 1.2 'n Manne- en Vrouekamp: Om plaaswerkers te betrek by naweekkampe met opleiding in emosionele handhawing, liggaamsbestuur, gesinstrukture en verwante lewensvaardighede.
- 1.3 Nasorg aan kinders en volwassenes wie die kampe en programme bywoon ten einde hulle te ondersteun en waar moontlik te gebruik in uitreike en projekte aan die res van hul plaasgemeenskap.
- 1.4 'n Kort kursus wat strek oor 'n periode van 6 weke teen 2 ure per week word aangebied waar verskillende sprekers die gekose onderwerpe behandel. Daar word gekyk om ongeveer 15 leerlinge per kursus te kry, waarna 'n volgende groep betrek sal word.

2. **Kinderkamp:** Om die skoolverlaters van die skole waarby ons betrokke is by naweekkampe te betrek. Ons plaaskinders kry hier geleentheid om hul horisonne te verbreed deur blootstelling aan voorheen onbekende plekke en belewenisse. Daar word gebou aan selfbeeld, selfwaarde en selfvertroue. Hulle word weer herinner aan hoe kosbaar hulle vir Christus is en hulp word verleen waar nodig met inskrywing en skoolklere by nuwe skole. .

3. **Voorkoming van afhanklikheid:** Om die dienste van die Valk projek wat reeds in die Joubertina / Misgund gemeente bestaan uit te brei na die Kareedouw / Tsitsikamma-area. Om kundiges in die gemeente te betrek by voorligting, berading en ondersteuning van dwelm- en drankafhanklikheid deur gebruikmaking van kundige persone met grondige ervaring van sodanige probleemareas.

4. **Versorging van behoeftige bejaardes.** Nouer samewerking is bewerkstellig tussen die gemeente (Kareedouw) en die plaaslike Vriendekring wat hoofsaaklik bestaan uit persone 60 jaar en ouer. Almal in die gemeenskap is welkom om aan te sluit by die Vriendekring. Hierdie organisasie sien onderling om na mekaar se behoeftes sowel as ander bejaardes se behoeftes. Gesamentlik word daar beplan om ten minste 1 keer per maand 'n dag te reël waar bejaardes bymekaarkom in die kerksaal waar hulle allerlei kosmetiese behandeling sal ontvang asook die meet van hul bloeddruk en behandeling

van minder ernstige kwale. Verder beplan die kerk om hierdie groep 4 keer per jaar op 'n uitstappie te neem na ons kerkkompleks by Eersterivier vir 'n gesellige piekniek. Die Vriendekring word ook almeer as groep gebruik om behulpsaam te wees tydens funksies en geleenthede.

5. Daar is ook begin met 'n klerebank waar tweedehandse klere teen 'n baie lae prys verkoop word. Op aanbeveling van ons plaaslike Maatskaplike werker word sommige klere gratis uitgegee aan behoeftige persone.
6. Ons gee elke jaar vir elke graad 7 leerder 'n volledige bybel, wat gerêel word deur die klasonderwyser.

7) Sopkombuis op Kareedouw: Nadat die kleuterskool (Kareebouters) gesluit het a.g.v. 'n tekort aan fondse, het 'n onderwyseres in die gemeenskap op eie inisiatief die skooltjie weer heropen spesifiek vir behoeftige kinders. **Focused little Angels** Ons as gemeente het hierdie skooltjie onder ons vlerk geneem. Daar is tussen 18 – 25 kinders wat die klassies bywoon. Ons gee hulle elke dag 1 ete. Die orige kos, as daar is, word uitgedeel aan ander straatkinders en bejaardes. Op Donderdae word meer kos voorberei wat dan in die gemeenskap uitgedeel word aan straatkinders en behoeftige bejaardes. Ons het ook 'n tweede sopkombuis begin in Vergenoegd ('n baie verarmde gemeenskap). Hier kry ongeveer 60 kinders twee keer per week 'n bord kos. Ons het begin om elke kind by albei stasies 'n afskrif van "Die Onse Vader" gebed te gee wat hulle saam begin leer en hardop opsê. Ons probeer om ten minste een keer per week persoonlik die twee plekke te besoek waar ons persoonlik aandag gee aan die omstandighede en elkeen se behoeftes.

Ons help ook met die aankoop van skryfbehoeftes en hanteer alle drukwerk soos nodig.

Verder onderhou ons die terrein en sien om na die algemene instandhouding van die skoolgebou.

Ons is besig met 'n aansoek vir koopkrag en die instalering van 'n alarmstelsel. Die aansoek om koopkrag is 'n baie langdradige proses en weet nog steeds nie wanneer dit gaan gebeur nie. Ons het nou 'n donateur bekom wat m.b.v. borge die skoolgebou gaan opknop en diefwering voor alle vensters gaan installeer. As dit voltooi is, beplan ons om 'n alarmstelsel wat met sonkrag werk te installeer.

Ons onderhou ook 'n behoeftige gesin in Mountainview vir ongeveer 2 weke per maand wanneer hulle kos en geld vir die maand op is.

- 8) **Victim support centre.** Hierdie is 'n nuwe projek waar persone begin het met opvoedingswerk veral onder werkloses en nie skoolgaande kinders. Behalwe die kos wat hulle elke dag kry, word daar ook tyd saam spandeer waar daar geluister word na hulle probleme en behoeftes en om hulle te bemoedig. 'n Dame het ook begin met opvoeding onder al die dames wat daar kom besoek aflê om 'n nuwe leefstyletiket by hulle te kweek. Daar is ongeveer 60 persone daaglik.
- Die onmiddellike behoefte hier is om hul gebied te beveilig deur dit te omhein en om ook 'n afdak op te rig waar hulle bymekaar kan kom. Die plek wat hulle tans gebruik is gedeeltelik afgebrand deur vandalisme.

9. Bekamping van armoede/werkskepping.

Joubertina / Misgund (Kampe word aangebied by die kampkompleks te Eersterivier)

9.1 NawEEKseminaar vir plaaswerkers (Mans) om en by 40. Opleidingsgeleenthede in verskillende velde ten einde mense se vaardighede te verhoog en werkskepping/entrepreneurskap te bevorder. Geestelike opvoeding vorm 'n belangrike deel van hierdie seminaar. Kursusse soos houtwerk, tuinbou, kookkuns ens sal aangebied word. Persone uit al vier gemeentes sal die kursusse kan bywoon.

9.2 NawEEKseminaar vir plaaswerkers (Vrouens) om en by 60. Opleidingsgeleenthede in verskillende velde ten einde mense se vaardighede te verhoog en werkskepping/entrepreneurskap te bevorder. Geestelike opvoeding vorm 'n belangrike deel van hierdie seminaar. Kursusse soos naaldwerk, tuinbou, kookkuns ens sal aangebied word. Persone uit al vier gemeentes sal die kursusse kan bywoon.

Hierdie 2 kampe word gewoonlik gedurende Oktober en November aangebied.

9.3 Jeugleierseminaar vir afgevaardigdes van verskillende skole: Om en by 30 Gift of nature projek vir volwassenes en kinders (hoofsaaklik persone met probleme/straatkinders en volwassenes). 3 aanbiedings deur die jaar word aangebied.

9.4 CAD groep te Ravinia 1xper maand-

Verder doen ek namens Valk individuele berading,, , doen opvolg by hulle wie seminare bygewoon het, en reel inligtingpraatjies by skole en sokkombuise., insette by vrouegroepe ens.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die oorhoofse projek:

Die genoemde vier gemeentes funksioneer binne die ringsgebied van Humansdorp en dra by tot die uitvoering van die Ring se taak in die Westelike gedeelte van die ringsgebied.

Die kinders, jeug, mans, vrouens en ouer persone woonagtig in die Koukamma area is die persone wie baat vind by hierdie projek. Individue en hul gesinne vind baat by die projek. Hul ontwikkeling sal ook moontlik uitkring na die omgewing waar hul woon.

Persone op plase in die vier gemeentes asook persone in die verskeie informele nedersettings wat in die areas bestaan word betrek.

Die persone wie by hierdie projek betrek word, word die geleentheid gegun om te groei in hul geloof en in 'n lewende verhouding met Christus te staan. Hul kry die geleentheid om hul horisonne te verbreed deur blootstelling aan voorheen onbekende plekke en belewenisse. Selfwaarde word ontdek en uitgebou en kennis word verbreed. Nuwe vaardighede word aangeleer.

Persone wie sal baatvind by die projekte waarvoor fondse aangevra word is: Leerders van die onderskeie skole waar ons betrokke is; Werknemers op plase in die vier gemeentes binne die Koukamma area sowel as uit naasliggende informele nedersettings.

Werklose mense wat, deur middel van vaardigheidskursusse (houtwerk, naaldwerk), bemagtig word om toe te tree tot die arbeidsmark.

Straatkinders wat nie skoolgaan nie kan nou die basiese voorskoolse opleiding ontvang wat hulle bekwaam sal maak om by formele skole te begin inskakel.

Behoeftige bejaardes in die gemeenskap wat niemand het om na hulle om te sien nie.

Bejaardes (Vriendekring) wat nie meer aktief betrokke kan wees by gemeentelike aktiwiteite of enige ander aktiwiteit nie.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Jeugleiers seminaar vir kinders	2 naweke in 1ste semester
Jeugleiersseminaar vir volwassenes	2 naweke in tweede semester
Manne- en Vrouekampe vir plaaswerkers	2 naweke; 1 x Oktober en 1 x Nov.
Opleiding en skep van vaardighede; berading en terapie	Deurlopend
Instalering van koopkrag en Alarmstelsel	2de semester
Sopkombuise met Geestelike en akademiese onderrig	Deurlopend
Installering van diefwering en algemene opknapping	1 ste semester

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word**8.1 Projekspan**

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
J. Vermaak en N. Scholtz	NG Gemeente Kareedouw
Hendri Roberts	NG Gemeente Joubertina
W.Sauer	NG Gemeente Tsitsikamma
J.Botha	NG Gemeente Misgund
E. Kritzinger	NG Gemeente Joubertina

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
Tafels en stoele (skoolbanke) vir die leerproses	15 skoolbanke + 20 tafels
Gas/Elektrisiteit om kos voor te berei.	9 kg/maand
Kosbakkies/houers vir wegneemetes	+/- 1000
Hulpmiddels vir vaardigheidsklasse en akademiese opvoeding	Volgens benodigdhede
Installering van koopkrag	1 x toestel
Instalering van alarmstelsel vir skoolgebou van Focus little angels	1 x stelsel
Opknop van skoolgebou en installering van Diefwering	

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Veilige omheining van die perseel van "Victim support centre"

Toegeruste afdak waar kos voorberei word en klasse aangebied word. Sodra fondse beskikbaar is.

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
VALK – Donateurs (3 x R1000 pm) +Gemeente bydraes- R5000	R41,000
NG Gemeente Kareedouw – Donasies Finansieël en produkte	R68,000
NG Gemeente Kareedouw – verlaagde kamptariewe	R47,880
Vervoer	R3,249
Surplus produkte by basaars	R9,500
Ekstra kos vanaf koshuis	R20,000
TOTAAL:	R189,629

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
• Reiskoste: Joubertina/Misgund Vervoer kinders en plaaswerkers na en van kampe 6 kampe @ R5,500/kamp 4 x gassprekers @ R2,000/kamp Gift of nature – aanbieders: 3@ R3,000 Besoek skole 6@ R1,000 Koördineerder en hulp: R1,800 / maand Verblyf by Eersterivier Vervoer van Vriendekring – 300 km @R9.50/km	R33,000 R8,000 R9,000 R6,000 R21,600 R47,880 R2,850 = R128,330
• Kos: Joubertina/Misgund NawEEKseminare vir mans en vrouens 2 kampe @ R7,000 Jeugleiers: 2 kampe @ R5,000 Gift of nature 8 persone @ R50 @ 10 geleenthede Kareedouw: Focused little Angels: 190 dae@25 @ R8 Vergenoegd sopkombuis: 190 dae@60@R8 Behoeftige bejaardes en straatkinders	R14,000 R10,000 R4,000 R38,000 R91,200 R6,000 R163,200
• Rekenaaruitgawes: Joubertina	R10,000 = R10,000
• Skryfbehoeftes/ Programmatériaal/ Geestelike leesstof Joubertina: Plaaswerkers: 2 kampe @R600 Jeugleiers: 2 kampe @ R600 Bybels: Plaaswerkers Kareedouw: 25 Bybels @ R150 Focussed little Angels 60 Bybels (Gideons) @ R30 Vergenoegd sopkombuis	R1,200 R1,200 R4,000 R3,750 R6,000 R1,800 R2,000 = R19,950
• Drukwerk	R5,500 = R5,500

• Telefoon	R5,000	= R5,000
• Posgeld (Kourier)	0	
• Verversings – Kareedouw – Vriendekring: 4@ R800	R3,200	= R3,200
• ANDER (spesifiseer asb):		
Installeer alarmstelsel	R4,000	=R4,000
Instaleer Diefwering	R10,000	=R10,000
Instaleer koopkrag	R8,000	= R8,000
Kragbydrae vir vaardigheidsontwikkeling/Koskook ens.	R12,000	= R12,000
Aankoop van hulpmiddels vir vaardigheid- en akademiese opvoeding	R10,000	=R10,000
TOTAAL:	R379,180	

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	R379180
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.4.1 hierbo):	R189,629
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R189,551

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag
Sodra fondse beskikbaar is	R47,388 per kwartaal

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

--

Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
 Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf